

14 April

Skrifgedeelte: 1Konings 4:7-19

Fokusgedeelte: 1 Konings 4:7

Verantwoordelikheid om by te dra

Koning Salomo het sy land in 12 streke verdeel, en elke streek was verantwoordelik vir een maand se onderhouding van sy hofhouding. Ja, vir sy hofhouding! Nie skole, hospitale, paaie of netjiese sypaadjes nie. Dit was deel van sy regte as koning soos uitgespel in 1 Samuel 8:11-17. En die ontvangers van inkomste in elke streek was só belangrik dat hulle elkeen in 1 Konings 4 by die naam genoem word.

Nie alleen die Israelitiese konings was geregtig op hulle belasting nie, maar Romeine 13:6 en 7 spel uit dat ook die heidense keiser op sy belasting geregtig is. Net soos vir ons, was belasting nog deur al die eeue 'n bitter pil om te sluk, veral wanneer jy moet toesien hoe die maghebbers jou swaar verdiende geld op hulle plesier uitmors. Die troos is egter dat ook die maghebbers voor God sal tereg staan ten opsigte van hulle rentmeesterskap oor dit wat aan hulle toevertrou is.

God is egter die ware Koning. As aardse (en selfs heidense) regeerders geregtig is op ons bydrae, hoeveel te meer ons groot Koning wat in alles ons belang op die oog het. Die Here Jesus Christus het selfs sy lewe vir ons afgelê! Tog is dit dikwels so dat kerkklidmate wel (alhoewel teësinig) hulle belasting aan korrupte owerhede betaal, terwyl hulle sonder aarseling hulle kerklike bydrae terughou. Ons bydrae vir die Koning van die groot heelal vir die instandhouding van sy kerklike huishouding, behoort nie onder dwang gegee te word nie, maar met dankbare vreugde en erkentlikheid dat alles wat ons het, uit sy hand kom.

Sing: Psalm 118-1:13

Ds. HB (Bernard) Hattingh (Warmbad)